

3. Skeppende Kunste

Inleiding

Welkom by die inspirerende wêreld van die Skeppende Kunste!

In hierdie vak is dit belangrik om jou gedagtes, idees en die vakinhoud wat jy geleer het te *verken, ervaar, uit te druk en daarmee te eksperimenteer*.

Jy sal jou stem, liggaam en denke ontwikkel om jouself uit te druk op baie verskillende maniere deur Musiek, Visuele Kuns, Drama en Dans. Skeppende Kunste sal jou ook help om 'n gedissiplineerde, gefokusde, en kreatiewe mens met selfvertroue te wees. Al hierdie eienskappe berei jou voor vir enige beroep wat jy eendag mag kies.

Inhoud in graad 9

In Skeppende Kunste sal jy twee kunsvorms kies, wat sal afhang van wat jou skool aanbied. Dit mag **Dans, Drama, Musiek** of **Visuele Kuns** wees.

Aan die einde van graad 9 sal jy die volgende in die vak van jou keuse gedoen het:

- **Dans:** Ervaar die vreugde van dans, leer die lewenslange vaardigheid om jou liggaam te gebruik op 'n veilige en uitdruk-kingsvolle manier terwyl jy die teorie van dans verken.
- **Drama:** Gebruik van jou stem, liggaam en denke in klasdramas met tekste soos monoloë, dialoë, radiodramas, poësie en stories wat in die teorie van drama ondersoek word.
- **Musiek:** Uitvoering van 'n verskeidenheid van vokale en instrumentale musiek in groepe of op jou eie (solo). Blootstelling aan die geskrewe en mondelinge taal van musiek deur musiek te lees en te skryf.
- **Visuele Kuns:** Deur die skepping van 2D- en 3D-kunswerke word jy visueel geletterd en druk jouself uit op 'n simboliese en visuele wyse in 'n wêreld wat algaande meer visuele beelde gebruik om te kommunikeer.

Jy sal spoedig agterkom dat die Skeppende Kunste klas 'n veilige, ondersteunende en nie-veroordelende ruimte bied waarin jy aangemoedig word om selfvertroue te kry en 'n positiewe selfbeeld te bou. Jy sal ook vaardighede aanleer om opvoerings, aanbiedings en die bemerking van kunswerke onafhanklik te kan doen. Die kennis wat jy sal aanleer van die kunsvorme wat jy gekies het, sal jou waardering vir die uitvoerende en visuele kunste verdiep.

Tydstoedeling

Jy sal Skeppende Kunste vir ten minste 2 uur per week gedurende skooltyd beoefen. Jy mag vind dat die 2 uur per week te min is om jou genoegsaam vir die assessering voor te berei. Jy kan na skoolure oefen sodat jy jou vaardigheid kan slyp en goed voorbereid kan wees vir jou praktiese assessering.

Assessering

In Skeppende Kunste word 40% van jou punte toegeken vir jou skoolgebaseerde assessering. Dit bestaan uit vier formele assesseringstake per kunsvorm, wat in die vorm van aanbiedings, optredes, uitstallings en navorsingstake kan wees. Die oorblywende 60% van jou punte sal wees vir jou finale eksamen. In Skeppende Kunste bestaan hierdie eksamen uit 'n praktiese en 'n geskrewe eksamen.

Skeppende Kunste berei jou voor vir verdere studie in vakke soos Dansstudies, Dramatiese Kunste, Visuele Kuns, Ontwerp en Musiek.

In hierdie vak is daar nie werklik enigiets wat jou kan terughou nie. Geniet die nuwe reis waarop jy gaan, en onthou dat jy die skepper van jou eie unieke uitdrukkings is.

